

SA BRAFORD


# BRAFORD

SUID-AFRIKA | SOUTH AFRICA

NO. 1 | JAN / FEB | 2026

# VOORBLADFOTO

- Meaker Brafords



# INHOUD


- Uit die Kantoor
- Uit die Raadsaal - Johan de Jager
- Braford Calendar 2026
- Council / Raad
- Zandraai Boerdery
- Kom ons praat Bek en Klou
- Small Interventions, Big Impact
- Gallery - January / February 2026
- Steps to becoming a registered Braford breeder


Volg ons op Facebook & Instagram



Photo - Zandraai Boerdery

# Uit die Kantoor



Met die aanbreek van 'n nuwe jaar staan ons weer op die drumpel van vars geleenthede en uitdagings. Vanuit die kantoor wil ek elke teler bedank vir die toewyding en harde werk wat die ras se reputasie versterk en sy waarde in die bedryf bevestig.

Die jaar wat voorlê bring nuwe projekte en 'n sterker fokus op samewerking. Ons glo dat die krag van die Braford gemeenskap lê in die gedeelde passie vir kwaliteit en vooruitgang. Mag hierdie jaar vir elkeen van julle voorspoed, gesonde kuddes en suksesvolle veilings bring.

Laat ons saam die momentum bou en die Braford naam nog hoër dra.

**Belangrike Datums**

- **LRF Ledevergadering en Algemene Jaarvergadering: 25 Februarie 2026**. Marguerite en 'n Raadslid sal die vergadering bywoon.
- **Nampo: 12 - 15 Mei 2026.** Die Genootskap gaan uitstal, maar geen diere word toegelaat nie. Geliewe die kantoor te kontak om jou beskikbaarheid vir diens by die stalletjie aan te dui.
- **Fase C**: Toetsdatums is per e-pos uitgestuur.

**Administrasie**

- Stuur asseblief alle uitstaande **geboortekennisgewings** aan die kantoor sodat die rekords volledig en op datum is.
- **Kuddelyste** sal uitgestuur word. **Kansellasies** moet die kantoor teen middel Mei bereik. Gaan intussen diere na wat nog as aktief aangedui word, maar nie meer op die plaas is nie, asook diere wat nie op die lyste verskyn nie.
- Die **nuutste Unistel vorms** is op ons webblad onder "Forms & Documents" beskikbaar.

Vir enige navrae of bystand, kontak my gerus.


*Marguerite Fouché*

072 594 4500 | info@braford.co.za

# UIT DIE *Raadsaal*

JOHAN DE JAGER
PRESIDENT

Die beesbedryf in Suid-Afrika gaan tans deur moeilike tye. Bek- en klouseer plaas groot druk op die beweging van diere en markte, terwyl swak mieliepryse die winsgewendheid van baie boerderye raak. Dit bring onsekerheid en spanning vir produsente regoor die land.



Johan de Jager

Maar as boere weet ons dat landbou nog altyd uit siklusse bestaan het - daar is jare van oorvloed en jare van beproewing. Ons het al droogtes, siektes, prysskommelings en politieke onsekerheid oorleef. Elke keer het ons weer opgestaan, want dit is in die boer se bloed om aan te hou en vorentoe te kyk.

**Die Braford-ras is juis bekend vir sy aanpasbaarheid, gehardheid en vermoë om onder moeilike omstandighede te presteer. As die Suid-Afrikaanse Brafordgenootskap bly ons verbind tot die opbou van 'n sterk, volhoubare beesbedryf. Ons fokus op genetika wat boere help om winsgewend en volhoubaar te bly, selfs in uitdagende tye.**

In sulke tye moet ons ook onthou waar ons krag vandaan kom. Ons dien 'n almagtige God wat ons nog nooit in die steek gelaat het nie. Hy was by ons in elke moeilike seisoen en Hy sal ook nou by ons wees. Wanneer die pad swaar raak, is dit juis die tyd om ons geloof vas te hou, mekaar te ondersteun en met hoop vorentoe te boer.

Kom ons bly positief, werk saam as 'n bedryf en hou vas aan ons roeping. Met geloof, volharding en goeie genetika sal ons weer sterker vorentoe beweeg.

The cattle industry in South Africa is currently facing challenging times. Foot-and-mouth disease is placing immense pressure on animal movement and markets, while low maize prices are affecting the profitability of many farming operations. This brings uncertainty and strain for producers across the country.

But as farmers, we know that agriculture has always moved in cycles - there are years of abundance and years of challenge. We have endured droughts, disease, price fluctuations, and political uncertainty before. Each time, we have risen again, because perseverance runs deep in the farmer's blood, and we are built to keep moving forward.

The Braford breed is known for its adaptability, resilience, and ability to perform under difficult conditions. As the South African Braford Society, we remain committed to building a strong, sustainable beef industry. Our focus is on genetics that help producers remain profitable and sustainable, even in challenging times.

In times like these, we must also remember where our strength comes from. We serve an almighty God who has never forsaken us. He has walked with us through every difficult season, and He will walk with us now. When the road becomes heavy, this is precisely the time to hold fast to our faith, support one another, and continue farming with hope.

Let us remain positive, work together as an industry, and stay true to our calling. With faith, perseverance, and good genetics, we will move forward stronger once again.

# Braford
# Calendar 2026

Join us for another exciting year as we showcase a lineup of exceptional livestock, bred with dedication and quality. **We encourage you to confirm dates and details directly with breeders, so you don't miss out.** Here is your opportunity to elevate your herd to new heights!

**NAMPO Harvest Day**
12 - 16 May 2026
NAMPO Park, Bothaville

**OVS Veld Bull Club Auction**
2 June 2026
Auction Ring, Vrede
Contact
Vickus Tromp + 27 72 823 1118

**SA Braford AGM / AJV**
12 June 2026 at 10:00
Afridome, Parys
Contact
Marguerite Fouché +27 72 594 4500

**12th SA Braford National Auction**
13 June 2026 at 11:00
Afridome, Parys
Contact
Wessel Meyer +27 82 800 4913
PM Swart +27 83 948 3345
Johan de Jager +27 60 966 3693
Office +27 72 594 4500
info@braford.co.za

**Bonheur Brafords 6th Production Auction**
20 June 2026 at 11:00
Polocrosse Club, Bethal
Contact
Gert van der Merwe +27 82 653 0323
Johan de Jager +27 60 966 3693


**Thiele Holdings 10th Production Auction**
30 June 2026 at 11:00
Farm Schikhoek, Paulpietersburg
Contact
Carl Thiele +27 82 944 0480

**Meaker Brafords 14th Production Auction**
15 July 2026 at 12:00
Vrede / Warden
Contact
Jan Meaker +27 79 883 9760

**32nd OTVL Bull Auction**
22 July 2026 at 11:00
JENVOS, Ermelo
Contact
Jan van Niekerk +27 82 556 5965

**Brafords@Besters Auction**
26 August 2026 at 11:00
Farm Trekboer
Contact
Theuns de Jager +27 72 909 1861
Carl de Jager +27 83 300 6615

**BeefPower Braford Auction**
10 September 2026
Sun Down Lodge, Aliwal North
Contact
Van Aardt Greyling +27 82 782 7674



**Preliminary Dates | Subject to Change**

# COUNCIL *Raad*

BRAFORD **2025 / 2026**



**Johan de Jager**
**President**
Bethal // 060 966 3693



**Jan Meaker**
**Vice President**
Warden // 079 883 9760



**Jan Uys**
**Council Member**
Stoffberg // 082 858 2908



**Faan Greyling**
**Council Member**
Lady Grey // 076 111 9575



**Ralf Rodewald**
**Council Member**
Piet Retief // 083 661 0465



**Dirk van Dyk**
**Council Member**
Vrede // 083 728 7745

Het jy 'n Braford-vraag? Ons raad is hier om te help met advies, inligting en leiding oor alles Braford.
*Have a Braford question? Our council is here to help with advice, information, or guidance on all things Braford.*

# Zandraai Boerdery

deur Fanie Blumenthal


Roy, Francois en Fanie Blumenthal

Ons is 'n sesde generasie familieboerdery, met myself (Fanie), my seun Francois en my broer Roy wat vandag aktief deel vorm van die onderneming. Ons boerdery is in die Hopetown-omgewing langs die Oranjerivier geleë.

Ons bedryf 'n gemengde boerdery, met besproeiing as hoofvertakking, gevolg deur ons Braford-, Damara- en wildbedryf.

Ons besef meer en meer dat die Brafords steeds 'n onderskatte ras met enorme potensiaal is, veral vir produsente wat fokus op funksionaliteit en volhoubaarheid.

Ons kudde is tans in sy vierde bestaansjaar, en ons streef daarna om doelgerig op funksionele diere te fokus, terwyl ons terselfdertyd die genepoel verbreed om langtermynwaarde te bou.

Ons het die eerste keer met die Braford ras kennis gemaak by RCT Brafords, en soos hulle sê - eerste indrukke bly altyd. Van die begin af was ons baie beïndruk met die ras, en dit het nie lank geneem voordat ons 'n passie vir Brafords ontwikkel het nie.

Ons het Brafords gekies vir hul rustige temperament, uitsonderlike moederlike eienskappe en hul vermoë om oor verskillende areas en veldtipes aan te pas. Hierdie eienskappe maak die ras besonders prakties binne ons produksiestelsel, en gee ons gemoedsrus in uitdagende omstandighede.

Dit gaan vir ons nie net oor getalle nie, maar oor die ontwikkeling van 'n kudde wat konsekwent presteer, maklik hanteerbaar is en waarde toevoeg onder ons spesifieke toestande. Ons glo daarin om diere te teel wat werklik kan werk in die veld en bydra tot 'n volhoubare boerdery.

Dit is vir ons 'n voorreg om deel te wees van die BTG, en as telers sien ons met groot verwagting uit na die toekoms van hierdie besondere ras. Met 'n praktiese benadering en 'n fokus op funksionele genetika, is ons vasbeslote om Brafords verder uit te bou as 'n betroubare keuse vir produsente regoor die land.








Foto's - Zandraai Boerdery

VLEISSENTRAAL

DIE BESTE BOD
THE BEST BID

LEWENDEHAWE • WILD • LOSGOED • EIENDOM | LIVESTOCK • GAME • MOVABLE ASSETS • PROPERTY

# KOM ONS PRAAT BEK EN KLOU

| Mispersepsie ✖ | Waarheid ✔ |
|---|---|
| Die sluit van alle lewendehawe markte sal die verspreiding van bek en klou stop. | Siektebeheer maak staat op biosekuriteit, naspeurbaarheid en gereguleerde beweging. Algemene sluitings sonder alternatiewe kan vee-eienaars na informele of onwettige bewegings dryf, wat die risiko van bek en klou eintlik verhoog. |
| Bek en klou-uitbrake gebeur omdat vee-eienaars nalatig is. | Bek en klou is uiters aansteeklik en kan selfs voorkom ten spyte van goeie boerderypraktyke. Vroeë rapportering en deursigtigheid is noodsaaklik vir effektiewe beheer. |
| Alle bewegings van beeste is verbode tydens bek en klou-uitbrake. | Bewegings kan wettiglik plaasvind met die nodige permitte en veearts-toesig, afhangende van die gebied en risikovlak. |

**Vir korrekte inligting en leiding, skakel ons bemarkers.**

LEWENDEHAWE • WILD • LOSGOED • EIENDOM | LIVESTOCK • GAME • MOVABLE ASSETS • PROPERTY

DIE BESTE BOD

**017 819 1106 • ermelo@vleissentraal.co.za • www.vleissentraal.co.za**

Leiers in bemarking van:
Lewendehawe | Stoetvee | Wild |Slagvee | Losgoed | Algehele Uitverkopings | Eiendomme

# Small Interventions

## Big impact

Sometimes it's the quiet moments on a farm that leave the biggest impression.

This young Braford calf, owned by Udo Böhmer from the Piet Retief area, was born with contracted tendons and struggled to stand properly on his front legs. From the start, it was clear that without intervention, his future could be uncertain. Instead of giving up, Udo stepped in with patience, care, and a practical plan.


Photos - Udo Böhmer

Daily gentle stretching became part of the routine, and simple splints were made using HDPE pipe, sponge, and duct tape - proof that you don't always need specialised equipment to make a difference. At first, the calf cautiously tested his new "kicks," slowly learning how to balance and place his feet. Each small improvement brought renewed hope.

Before long, he was able to reunite with his mom, walking a little stronger every day. Just two weeks later, he was moving alongside her again - and now, at around 3 - 4 months old, he has made a full recovery and walks perfectly.

It's a powerful reminder of how early intervention, consistency, and dedication can change an outcome completely. On the farm, small actions taken at the right time often lead to the biggest results.

Stories like this highlight the heart behind livestock farming - where hands-on care, problem-solving, and perseverance come together to give animals the best possible chance.

**ON THE FARM, SMALL ACTIONS TAKEN AT THE RIGHT TIME OFTEN LEAD TO THE BIGGEST RESULTS.**


**Before:** Born with contracted tendons, struggling to stand.


**During:** Supported with gentle physio and handmade splints.


**After:** Fully recovered, walking confidently on his own.

# Gallery

This gallery highlights Brafords as captured by farmers across South Africa in January and February 2026. Thank you for sharing your moments with us.



Leeuspruit Brafords



Eastfield Brafords



@the_farm_grind



Bonheur Brafords



RCT Boerdery



Platdoorn Brafords



Wickhambrook Farming



Meaker Brafords

# STEPS TO BECOMING A REGISTERED BRAFORD BREEDER

**Follow these steps to become a registered South African Braford breeder.**

**START HERE**
**Contact the office for an English or Afrikaans application form - info@braford.co.za**

**Receive application form containing applicable information and fees.**

**Complete the application form in full - Form 1, 2, 3 and 4.**

**NB - all dates and a drawing of your road map need to be completed.**

**Double check your joining date - this date determines part of your membership fee as well as the date which calves can be registered from.**

**Return application form to the office at info@braford.co.za with proof of membership fee payment.**

**Your application will be sent to the registrar.**

**Once the application has been processed, you will be notified of your registered details and receive a VAT invoice.**

**Congratulations! You are now a registered member of the Braford Society!**

**Contact us:**
**+27 72 594 4500**
**info@braford.co.za**

# ADVANTAGES OF MEMBERSHIP

- Add value to your animals
- An income potential apart from only weaners
- New marketing opportunities
- New income possibilities
- Join a network of dynamic beef producers
- Trade ideas, meet other farmers with mutual objectives
- Outstanding professional client services
- 24 hour access to your animal and herd reports
- Annual Technical Advisor visits
- Assistance in animal selection, genetic analysis and general advice
- A sophisticated system for performance testing
- Registration certificates for animals
- A well trained and competent team at the Society's office

SA BRAFORD

# www.braford.co.za

find us on Facebook and Instagram

The new year gives you a fresh season to plow with courage, lead your herd, and continue writing your farm's story.